higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 3

10 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Waar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Onwaar
1.11 Waar
1.12 Waar
1.13 Onwaar
1.14 Waar
1.15 Waar

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

2.1 C
2.2 A
2.3 A
2.4 A
2.5 D
2.6 D
2.7 B
2.8 C
2.9 C
2.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 K
3.2 N
3.3 Q
3.4 H
3.5 D
3.6 P
3.7 A
3.8 G
3.9 M
3.10 F

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 'Nuwe Kuns'
4.2 Weglating ('omission')
4.3 A4
4.4 LKT
4.5 beweegbare
4.6 lensopening
4.7 makrofotografie
4.8 plastiek
4.9 ActionScript
4.10 fisiese
4.11 SABS
4.12 CMYK
4.13 Adobe Flash
4.14 dwarsvorm
4.15 animasie

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- 4 punte vir die korrekte grootte illustrasie en implementering van die vraag.
- 6 punte vir die kreatiwiteit en ontwerp van die student se naam deur die gebruik van VIER verskillende tipes tipografie.
- Die lettertipe moet leesbaar wees.
- Die ontwerp/tipografie moet korrek uitgevoer word. (10)

5.2
- Planolitografiedrukkers en Indigo digitale drukkers gebruik die CMYK kleurmodes.
- Planolitografiedrukkers gebruik aluminium plate, terwyl Indigo digitale drukkers nie plate of film gebruik om te druk nie.
- Indigo digitale drukkers druk vinniger as planolitografiedrukkers.
- Indigo digitale drukkers kan enigiets van boeke tot studenteprojekte druk, terwyl planolitografiedrukkers slegs groot hoeveelhede kan druk.

(4 × 2) (8)

5.3 5.3.1 Serif: Dit is die ekstra haal aan die einde van die belangrikste vertikale en horisontale hale van sommige lettervorms.

5.3.2 Valkop ('drop cap'): 'n Groot aanvanklike letter wat verby die eerste lyn van die paragraaf strek, gewoonlik aan die begin van 'n afdeling of hoofstuk in 'n boek.

Lettertipe ('typeface') (ook as fontfamilie bekend): Is 'n stel van een of meer lettertipes wat algemene ontwerpkenmerke deel.

5.3.4 Letterspasiëring: Is die proses waarvolgens spasies tussen karakters aangepas word, gewoonlik om 'n visueel aantreklike resultaat te lewer.

(4 × 2) (8)

5.4
- Teks:✓

Teks is die belangrikste element van multimedia. Teks kan op verskeie maniere in 'n multimediaontwerp gebruik word. Teks kan in titelopskrifte, spyskaarte, koerantopskrifte of inhoud gebruik word. 'n Aantal faktore beïnvloed die teks, grootte, lettertipe, spasiëring, gerigtheid en dokument-oriëntasie.✓

- Oudio (klank):✓

Klank word gewoonlik om verskeie redes in 'n ontwerp of multimediaprojekte ingesluit. Klank kan mense se emosies beïnvloed en dus sal die gehoor die boodskap onthou. Dit kan die ontwerpboodskap ondersteun. Klank kan met verskeie prgramme geskep word.✓

- Grafika (beelde):✓

Foto's of illustrasies kan in multimedia gebruik word. Foto's kan met digitale kameras of selfone geneem word. Illustrasies kan met die hand gedoen word, of kan geskep word deur 'n ontwerpprogram soos Adobe Photoshop or Adobe Illustrator te gebruik.✓

- Animasie:✓

Animasie kan in 2D of 3D gedoen word. Animasie is 'n versameling beelde wat op 'n spesifieke manier gerangskik is om die illusie van beweging te skep. Animasie is nie so duur soos video nie.✓

- Video:✓

Kombineer altyd teks, grafiese animasie en klank. Dit is 'n baie nuttige element omdat dit 'n groot hoeveelheid inligting in 'n kort tydperk kan oordra. Maar dit is baie duur.✓

(1 punte per element = 5 punte)
(1 punt per bespreking van 'n element = 5)
(5 × 2) (10)

5.5
- Lasersnywerk: Gebruik 'n kragtige laser om fatsoene uit verskillende tipes materiaal te sny. Lasersnywerk kan gebruik word wanneer min voorwerpe gesny moet word.
- Stempelsnywerk ('die cut'): 'n Pers word gebruik om fatsoene uit groot velle papier/karton te sny. Dit is beter om stempelsnywerk te gebruik wanneer groot hoeveelhede nodig is. (2 × 1) (2)

5.6 5.6.1 Karton (2)

5.6.2 Ja/Nee✓
Die student moet 2 relevante redes as motivering verskaf.✓✓✓✓
Voorbeelde van moontlike antwoorde:
Ja, dit maak dit vir die verbruiker gerieflik om die produk te vervoer. Dit is maklik om te gebruik en is nie, soos platiek, nadelig vir die omgewing nie.

OF

Die pakkie beskerm nie die produk nie, wat maklik beskadig kan word. Die pakkie kan nie die produk beskerm as dit in grootmaat vervoer word nie.

(Geen punte vir slegs Ja/Nee nie)
(2 punte per motivering) (5)

5.7 5.7.1 Werktuigkis ('toolbox')✓ – Werktuie is vir die seleksie, redigering en skepping van bladsy-elemente. Ander werktuie word gebruik om tikskrif, fatsoene, lyne en gradiënte te kies.✓

5.7.2 'n Kunsbord✓ – Dit is soos 'n stuk papier op 'n fisiese lessenaar. Jy kan elemente (ontwerpe) daarop plaas. Veelvoudige kunsborde kan verskillende groottes hê.✓

5.7.3 Drywende werktuie✓ – Dit is 'n stel werktuie wat met die redigering en rangskikking van elemente op die kunsbord kan help. Dit sluit die kleurpalet, teksredigeerwerktuie en gradiëntvullers in.✓

(3 × 2) (6)

5.8
- Derdesreël✓

Die derdesreël is eintlik 'n riglyn om die kunstenaar met die plasing van elemente en fokuspunte in die komposisie te help.✓

- Driehoekreël✓

Die fokuspunt of subjek word op so 'n manier in die raam geplaas dat die drie kante die grense van die raam sny. Word gebruik wanneer die subjek 'n onreëlmatige vorm het.✓

- Sirkulêre komposisie✓

Dit hou hoofsaaklik verband met nabyfotografie van ronde subjekte. Die komposisie vereis dat die sirkulêre fatsoen die raam vul.✓

- Raming ('framing')✓

Dit is 'n tegniek wat die fokuspunt van die beeld met ander tonele omring. Dit word gebruik om die subjek te beklemtoon en diepte aan die subjek te verleen.✓

- Riglyne ('leading lines')✓

Gebruik natuurlike lyne om die kyker se oog na die subjek te lok.✓

- Negatiewe ruimte✓

Dit is 'n begrip in fotografie en kuns wat klem op die subjek plaas. Die negatiewe ruimte is gewoonlik in skerp kontras met die subjek.✓

- Ritme✓

Dit skep die illusie van beweging in fotografie en hou die kykers se aandag. ✓
(Enige 3 × 2) (6)

5.9
- Ken 4 punte toe vir die skepping van VIER logo's uit die lys wat verskaf is
- Ken 4 punte toe vir die korrekte implementering van die vraag
- Ken 2 punte toe vir die korrekte grootte van die skyfies
- Ken 4 punte toe vir kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Ken 2 punte toe vir die korrekte gebruik van positiewe en negatiewe ruimte (16)

[73]

VRAAG 6

6.1 Interne geheue bestaan gewoonlik uit skyfies of modules wat direk aan die moederbord gekoppel word.✓✓ Interne LAG en LTG is voorbeelde van interne geheuetoestelle.✓

Eksterne geheue staan as draagbare bergingstoestelle bekend en is by die meeste rekenaars aanpasbaar.✓ Die doel daarvan is om groot hoeveelhede data te berg en om belangrike dokumente en lêers te rugsteun.✓ Voorbeelde van bergingstoestelle: USB-flitsaandrywers, CD's, DVD's, ander optiese skywe en draagbare hardeskywe.✓ (2 × 3) (6)

6.2
- Vorm volg funksie ('form follows function') is 'n beginsel wat bepaal dat iets se vorm in ooreenstemming met die funksie daarvan geskep moet word.
- Die funksie van 'n ontwerp is die bedoeling, doel en boodskap wat die ontwerp kommunikeer.
- Die uiterlike van die ontwerp word deur die doel daarvan beïnvloed.
- 'n Ontwerp sal nie suksesvol wees indien die vorm ontwerp word sonder dat die funksie in ag geneem word nie. (4)

6.3
- 'n E-poshandtekening word deur maatskappye gebruik om hul werknemers aan ontvangers te identifiseer.
- 'n E-poshandtekeninge is 'n blok teks wat aan die einde van 'n e-posboodskap geheg word.
- Dit bevat dikwels die afsender se naam en kontakinligting, e-posadres en URL van die besigheid se webtuiste.

(2 punte per relevante antwoord)
(Enige relevante antwoord) (Enige 2 × 2) (4)

6.4
- 'n Aanbieding moet 'n titelskyfie hê: 'n skyfie wat die titel en die datum asook die aanbieder se naam aandui.
- 'n Aanbieding moet verskillende afdelings hê: besluit oor die afdelings wat jy wil gebruik voordat jy begin om die skyfies te ontwikkel.
- Die aanbieding moet 'n tema hê wat die projek ondersteun.
- Dit is die beste om 'n neutrale kleur vir die aanbieding te gebruik. Kleur kan 'n mens se emosies beïnvloed.
- Moenie te veel teks insluit nie. Verdeel die teks in sleutelpunte.
- Sluit foto's en visuele beelde van goeie gehalte in.
- Moenie teks gebruik wat kleiner as 24-punt is nie.
- Moenie te veel teks op een skyfie indruk nie.
- Maak seker dat die teks leesbaar is en teen die agtergrond uitstaan.
- Gebruik fokuspunte in die aanbieding.
- Beklemtoon woorde of frases met kleur of beelde.
- Sluit skyfies met humor in om die gehoor se belangstelling te hou.
- Moenie te veel animasie gebruik nie. Die gehoor se aandag mag daardeur afgelei word.
- Sluit 'n skyfie in wat die einde van die aanbieding aandui. (Enige 5 × 2) (10)

6.5
- Stertletterlyn ('descender line'): Die laagste lyn tot waar 'n karakter strek, soos die onderste steel van die onderkas 'j' en 'y.' 'n Lyn wat die laagste punt van die stertletters in 'n lettertipe aandui.
- Stertletter: die laagste deel van letters soos 'g', 'j', 'p', 'q' en 'y' wat onder die basislyn strek. Die deel van die onderkasletter wat onder die basislyn van die letter strek.



(2 × 2) (4)

6.6 Enige klank, anders as musiek of spraak, wat kunsmatig gereproduseer word om in 'n dramatiese aanbieding 'n effek te skep, soos die klank van 'n storm of 'n deur wat kraak. (Enige relevante antwoord) (2)

6.7
- Funksie✓ – verwys na dit wat die ontwerp doen en hoe dit werk.
  (Voorbeeld: dit is vir dié mense ontwerp wat altyd aan die gang is.)✓
- Estetika✓ – verwys na die buitekant van die produk.
  (Voorbeeld: Dit is in vyf kleure beskikbaar: Kickstarter-groen, swart, wit, blou en pienk.)✓
- Konstruksie✓ – verwys na hoe die produk vervaardig is, watter materiale gebruik is en waarom sekere materiale gebruik is.
  (Voorbeeld: Die *myType* is van buigsame, waterdigte silikonmateriaal gemaak. Die silikon is duursaam en kan val met min kans dat dit sal beskadig.✓
- Ekonomie✓ – verwys na die waarde van die produk en die vervaardigingskoste.
  (Voorbeeld: Die prys, R2 799,00, is baie hoog vir die gemiddelde verbruiker.)✓ (4 × 2) (8)

6.8 Enige TWEE beginsels met relevante motivering

- Kontras✓ – Die rooi beeld teen die swart agtergrond of die groot figuur teen die kleiner figuur. ✓
- Eenheid✓ – Die figuur van 'n sakeman wat oor 'n stad loop.✓✓
- Gerigte kragte✓ – Die agterste sirkel help om die oog na die fokuspunt te lok. Die geboue/stad waarop die figuur van die sakeman staan help om die oog na die fokuspunt te lok.✓

Enige DRIE elemente met relevante motivering

- Vorm✓ – Die skadubeeldfigure van 2 mans.✓
- Tyd✓ – Dag en nag (die donker agtergrond).✓
- Kleur✓ – Swart, rooi en wit (room/bisket/vanilla) skep kontras.✓
- Tekstuur✓ – die gesimuleerde tekstuur van die sirkelpatroon aan die agterkant.✓
- Lyn✓ – die buitelyn van die figuur sluit die ruimte in.✓
- Ruimte✓ – Die figuur van 'n man op die rooi figuur van 'n man skep die illusie van ruimte of die lug bokant die geboue.✓

(Die antwoorde wat verskaf is, is slegs riglyne – aanvaar enige relevante antwoorde.) (5 × 2) (10)

6.9
- Ken 5 punte toe vir die korrekte implementering van die vraag.✓✓✓✓✓
- Ken 2 punt toe vir die korrekte grootte van tekeninge.✓✓
- Ken 6 punte toe vir kreatiwiteit.✓✓✓✓✓✓
- Ken 2 punte toe vir die styl van die tekening.✓✓ (15)

6.10 6.10.1
- USB-geheuetoestel/universele seriebus:✓
  'n Klein eksterne flitsaandrywer wat met enige rekenaar wat 'n USB-poort het gebruik kan word.✓✓

6.10.2 • DVD/digitale veelsydige skyf/digitale videoskyf:✓
'n Tipe kompakte skyf wat groot hoeveelhede data kan stoor – veral hoë resolusie, oudio-visuele materiaal. ✓✓

(3 × 2) (6)

6.11 6.11.1 Laehoekskoot✓ – die kamera kyk op na die subjek.✓

6.11.2 Lang of wye skoot✓ – dit toon die agtergrond of ligging.✓

6.11.3 'n Nabyskoot✓ – dit sluit die kop en skouers in – om emosie en gesigsuitdrukkings te toon.✓

6.11.4 Oogpunt/oor-die-skouerskoot✓ – Help 'n mens om aksie vanuit die karakter se oogpunt te sien. ✓

(4 × 2) (8)
[77]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou